# Hoofstuk van die dag: Psalm 144

> *Mag ons seuns wees soos plante wat hoog groei in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare, uitgebeitel soos vir ’n paleis. (vers 12)*

Ná my worsteling met dié psalm kan ek verstaan hoekom ’n

predikant in 'n preek oor Ps 144 liries geraak het oor "ons dogters soos hoekpilare". Hy het allerlei deugde opgenoem waaraan die dogters as pilare voldoen, en dan hierdie juweeltjie: "'n Pilaar is regop, en as jy 'regop' omdraai, kry jy opreg. Dís hoe ons dogters moet wees: opreg."
Ewenwel, dié psalm pas nie lekker in in enige kategorie nie. Dit bevat elemente van lof, gebed om ingryping en ook seën. Dit lyk eerder na 'n samestelling of bloemlesing uit 'n hele klomp psalms, o.a. Pss 8, 18 en 90. Die eerste deel van die psalm (vers 1-11) werk met die teenstelling van God se almag en beskerming (vers 1-2, 5-6, 10-11) aan die een kant, en die digter-koning se nietigheid (vers 3-4) aan die ander kant. Dit lyk of eertydse bondgenote hulle eed teenoor die koning verbreek het (vers 7-8 en 11); vandaar die dringende gebed om hulp.
Ná sy pragtige gebed om seën vir sy mense (vers 12-14) bely hy: "Dit gaan goed met die volk wie se God die Here is!" Inderdaad.

---


- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video's en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …

# Hoofstuk van die dag: Psalm 143

> *Moet tog nie 'n regsaak teen my begin nie, want niemand wat leef, is voor U onskuldig nie! (vers 2)*

Hierdie boetepsalm kon netsowel in die Nuwe Testament gestaan het. As 'n mens oor jou eie lewe dink (en eerlik met jouself is), besef jy, soos die digter, dat jy in die moeilikheid is voor God. Niemand wat leef, is immers voor Hom onskuldig nie, soos Paulus ons later in Gal 2:16 en Rom 3:20 herinner.
Tog vlug die digter na God in die vertroue dat God genadig is (vers 8). Die Here se dade in die verlede (vers 5) gee hom moed. God het oor die eeue ontferming getoon aan sy mense, en daarom waag hy dit om in sy nood sy oë pleitend op God te rig (vers 6) en vestig hy sy hoop op Hom (vers 8), al is hy terdeë bewus van sy onwaardigheid.
Waar mense nog na God kan opsien vir hulp, is die situasie nie hopeloos nie. God is gretig om ons elke môre sy liefde te laat ondervind. Wie op Hom vertrou, sal nie teleurgestel word nie. Hy het immers sy eie Seun gegee, sodat ons sy genade kan ontvang (Joh 1:16).


# Hoofstuk van die dag: Psalm 142

> *Ek roep na U om hulp, Here, ek sê: "U is my toevlug, buiten U het ek geen deel in die land van die lewendes nie! (vers 6)*

Die opskrif van die psalm sê Dawid het dit geskryf toe hy in

die spelonk was, in die tyd toe hy vir Saul gevlug het. Jy kan dit gerus lees in 1 Sam 24. Die benoudheid waarin hy was, was dus ernstig.
Daar kom tye wanneer 'n mens sonder moed is; wanneer jou omstandighede dwing om jou te oorweldig. In sulke omstandighede doen Dawid die regte ding: hy vlug met sy nood na God. Terwyl geen mens hom wil of kan help nie en niemand vir hom omgee nie, is God daar om te help.
Teenoor koning Saul sê Dawid dat hy maklik die reg in eie hande kon neem, maar hy het nie, want God behartig sy saak (1 Sam 24:16). Paulus suggereer ook iets hiervan in Fil 4:6-7. In God se hande kan jy rus kry ten spyte van jou omstandighede. Daarom kan Dawid die psalm afsluit met 'n belydenis dat die regverdiges dankbaar om hom sal kom staan wanneer (nie as nie) die Here aan hom goed doen (vers 8).

---



# Hoofstuk van die dag: Psalm 141

> *Hou my gedagtes weg van verkeerde dinge, dat ek nie in sonde verval saam met manne wat onreg doen nie, en dat ek nie deelneem aan hulle feeste nie. (vers 4)*

As ’n mens tussen die lyne lees, wil dit voorkom of die digter probeer wegbreek van mense in wie se kring hy vroeër was. Hy het ondervind hoe verleidelik dit kan wees om deel te wees van ’n groep magtige, gewetenlose mense, en die vrugte daarvan te geniet.
Uiteindelik het hy egter besef dat hy as gelowige moet wegkom van dié mense af, al hunker hy soms steeds na daardie tyd. Paulus sou later oor hierdie selfde innerlike stryd skryf (Rom 7:21). Die versoeking om terug te keer dryf hom na God toe, en hy pleit dat God hom sal help teen homself (vers 3-4) en teen sy voormalige vriende wat nou teen hom gedraai het (vers 9).
’n Mens wat hom gelowig wend tot God in gebed en sy lewe volgens God se eise inrig, mag hoop en bid dat God regverdig sal wees en sy lewe sal spaar terwyl die boosdoener sal omkom (vers 10). Vir die digter is sy gebed soos wierook wat na God opstyg (vers 2; vgl Op 8:3-4). Visualiseer jy dit ook só?

# Hoofstuk van die dag: Psalm 140


> *Ek weet, die Here behartig die regsaak van die hulpelose, Hy sorg vir die reg van die arme. (vers 13)*

Die spreekwoord sê die pen is magtiger as die swaard. Die tong

is egter nóg magtiger. Dawid stem met my saam. Hy sê mense blaas vyandskap aan; hulle tonge is so giftig soos slange (vers 3,4). Skindertonge is 'n probleem in die land (vers 12). Die Spreuke-digter sê 'n tong wat lieg is een van die sewe dinge wat die Here haat (Spr 6:17), en 'n tong wat kwaad stig, sal uitgesny word (10:31). Jakobus het ook heelwat te sê oor die mag van die tong (Jak 3:1-12; veral 3:6).
Hoe gemaak as jy die slagoffer van giftige tonge is? Terugskel is nie hoe Dawid antwoord nie. Hy wend hom tot God (vers 7). Ons stryd is dikwels nie net geestelik nie. Dikwels het ons 'n aardse stryd teen skindery en skelmstreke. Dawid kla dié mense by die Here aan en bid dat die Here sy saak sal behartig (vers 13).
Uiteindelik is die sekerheid dat die Here omsien na die hulpelose ook rede om God te loof (vers 14). Só word jou tong 'n magtige instrument in die koninkryk.

_Naskrif:_ Ons eindig ons lees van die Psalms voorlopig hier. Môre begin ons met die brief van Jakobus.

---



# Hoofstuk van die dag: Psalm 139

*Here, U sien dwarsdeur my, U ken my. (vers 1)*

Toe ek in die weermag was vir my kapelaansopleiding, het ons kursusleier graag in die moederskamer gesit (ons het in die kerk klas gehad). Daar kon hy ons dophou, maar ons kon hom natuurlik nie sien nie. Jy kon nooit weet of hy vir jou kyk nie, of selfs daar is nie. Dit het my baie ongemaklik gemaak. Netnou sien die man jy doen iets verkeerds, en dan is jy in groot moeilikheid.
Daar is mense wat só oor God dink: dat Hy alles van ons weet en alles wat ons dink en doen, sien. Dit laat hulle benoud en vasgekeer voel. Dawid onderstreep in hierdie psalm dat dit inderdaad so is dat God alles van ons weet. Hy weet selfs wat ons nog gaan dink (vers 4)! Ons kan nêrens vir Hom wegkruip nie.
Tog maak dit Dawid nie benoud nie, want God is nie soos ’n gestrenge kursusleier wat gesigloos wegkruip agter ’n ondeurdringbare glasruit nie. Hy is ons liefdevolle Vader, wat met sagte oë na jou kyk. As jy ooit daaraan twyfel, kyk dan na Golgota, want daar sien jy hoe ver God bereid was om te gaan

om jou te beskerm en te red.

## Onlangse Bydraes

- Joh 4:1-30 Jesus kan ook jóú dors les
- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026